21.12 BESWAARSKRIF VAN JF KRUGER RAKENDE DIE BESLUIT VAN DIE SINODE 2003 – OOR NAGMAALSVIERING (Artt 19, 40, 337)

A. Br JF Kruger stel die Beswaarskrif.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word verwys na Beswaarskrifkommissie 1.
C. Ds C Aucamp lewer die Meerderheidsrapport namens die Beswaarskrifkommissie 1.
D. Ds MJJ Erasmus lewer die Minderheidsrapport namens die Beswaarskrifkommissie 1.

E. **BESWAARSKRIF**

1. Inleiding: motivering vir indiening van beswaar

In die *Oproep Nasionale Sinode 2003 (Die Kerkblad, 22* Mei 2002:25) meld die Skriba van die Deputate Korrespondensie (Agenda) in 5 die volgende:

Diegene wat Beswaarskrifte teen vorige Sinodebesluite wil indien, moet asseblief let op die prosedure wat deur die 1991-Sinode gestel is. Vergelyk Acta 1991:526-528, artikel 22..13.

1.1 Omdat hierdie beswaar bepaalde beginselsake soos Skrifgesag, Christus se bekragtiging van die Nuwe Verbond en sy bevel by die instelling van die Nagmaal, en gevolglik tersaaklike dele van die Belydenisskrifte en ook bepaalde woorde en woordwendinge in die Nagmaalsformulier raak, is die saak van so 'n dringende belang dat dit direk by die Sinode ingedien word.

1.2 Acta 1994:53, 3.2 verleen volle reg om die beswaar aan die Sinode te rig: *Die Beswaarskrif wil niks meer sê as dat die gewone kerklike weg vir die behandeling van alle sake onder KO, art 46 onder gewone omstandighede gevolg moet word met inagneming van KO, artt 30, 31 en 33. Die reg van direkte toegang tot enige meerdere vergadering vir aangeleenthede wat dit Skriftuurlik regverdig, word nie deur 1991 se besluit blokkeer nie.*

1.3 Die problematiek oor die uitleg van 'n sinodale besluit hoort by die Sinode tuis wat die besluit geneem het (KO, art 30). Geen mindere vergadering kan hieroor uitspraak gee nie.

1.4 Die Kuratore van die Teologiese Skool beveel aan dat die kerklike weg gevolg word nadat advies gevra is oor die teenstrydige advies wat van professore ontvang is. (Bylae 12)

2. Sinodebesluit waarteen beswaar gemaak word

Ons beswaar raak bepaalde formulerings van Acta 2003 **(Errata is ingewerk)** wat verskillend vertolk word:

F. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE VIR PRE-ADVIES INSAKE NAGMAALSVIERING

1. Opdrag

Om die Sinode van advies te bedien oor Rapport Voortgaande studie oor die Nagmaal en Tweede Rapport van die Kommissie : Leerstellig 1.

Besluit: Kennis geneem.

2. Vertrekpunte

2.1 Kerkorde, art 62: "Elke kerk moet die Nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat ná die preek en algemene gebede, die Formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word".

2.2 In plaas daarvan om in ‘n bepaalde voorskriftelikheid te verval, verkies die Sinode in die lig van NGB, art 32 om kerke in hulle uitvoering van KO, art 62 van advies te bedien deur ‘n prinsipiële raamwerk – soos hieronder uiteengesit – te stel.

Besluit: Kennis geneem.

3. Prinsipiële raamwerk tov die wyse van Nagmaalsviering

Inleidend

Hierdie feesmaal is 'n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet (NGB, art 35).

3.1 Die brood en wyn moet as tekens en seëls van die liggaam en bloed van Christus gebruik word (Matt 26:26-28; 1 Kor 11:23-26; NGB, art 35; HK, 25-29).

3.2 Daar moet by die viering van die Nagmaal tussen wesentlike aspekte en sakramentele handelinge onderskei word. Kerke behoort KO, art 62 dan binne die volgende raamwerk toe te pas:

3.2.1 Wesentlike aspekte

By die bediening van die heilige Nagmaal moet die dood van die Here in woord en daad verkondig word ("Doen dit tot my gedagtenis" (Luk 22:19); "verkondig die dood van die Here totdat Hy kom" (1 Kor 11:26)).

3.2.1.1 Die brood moet in geloof as teken en seël van die liggaam van Christus geëet word (vgl NGB, art 35; HK, 25-29).

3.2.1.2 Die wyn moet in geloof as teken en seël van die bloed van Christus gedrink word. Vergelyk die volgende Skrifgegewens:

"Drink almal daaruit" (Matt 26:28)

"Neem dit en deel dit onder julle"(Luk 22:17)

"Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis"(1 Kor 11:25)

"So dikwels as julle hierdie brood eet of die beker van die Here drink, verkondig (julle) die dood van die Here totdat Hy kom"(1 Kor 11:26)

"Maar elkeen moet homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink"(1 Kor 11:28)

"As julle saamkom om nagmaal te vier, wag vir mekaar"(1 Kor 11:33).

Alhoewel Christus nie in een van die opdragte uitdruklik na wyn verwys nie, is die verband telkens duidelik van so 'n aard dat Hy bedoel dat wyn gedrink moet word as teken en seël van die bloed van Christus (NGB, art 35; HK, 25, 28, 29).

Besluit: Goedgekeur.

3.2.2 Sakramentele handelinge

Die Nagmaal het 'n maaltydkarakter en word gesamentlik deur die gelowiges gevier (1 Kor 11:33). Dit maak daarvan 'n gemeenskapsmaal.

3.2.2.1 Die brood moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: "Neem, eet" (Matt 26:26; Mark 14:22; 1 Kor 11:23). Met hierdie sakramentele handeling word die feit dat Jesus sy liggaam as offer vir die sondes van ons almal gegee het, duidelik na vore gebring.

3.2.2.2 Die **beker wyn** moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: "Drink almal daaruit" (Matt 26:28). Die drink van die wyn uit ('n) gemeenskaplike drinkbeker(s) dien om die geestelike geloofseenheid in Christus te simboliseer. Daarom het die drinkbeker, saam met die wyn as teken, 'n prominente plek en funksies.

Besluit: Goedgekeur.

4. Aanbevelings

4.1 Die Sinode keur bogenoemde prinsipiële raamwerk goed as advies aan kerke in hulle uitvoering van KO, art 62.

4.2 Die bogenoemde prinsipiële raamwerk dien as antwoord op die Beswaarskrifte teen die besluite van Sinode 1927 en 1930 (Acta 1994 :493-524).

4.3 Die prinsipiële raamwerk vervang die besluite van Sinode 1927 en 1930 en gevolglik ook die besluit in 6.6 (Acta:729) van Sinode 1997.

4.4 Waar daar in 'n plaaslike kerk alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom, behoort daar met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon word.

Besluit:

1. Goedgekeur.

2. Punt 3.2.2.3 in Acta 2000 (bi. 401) word geskrap.
Acta 2003, Artikel 21.8, p545
7. Implikasie

Dat die inleidende sinne by 3.2.2 'n toevoeging kry, om soos volg te lui: "Dit maak daarvan 'n gemeenskaps- en liefdesmaal gegrondves in die eenheid met Christus (vgl Joh 13-16, 1 Kor 10:16, 17).
Besluit: Goedgekeur.

3. Beswaargronde

3.1 **Beswaargrond 1**

In punt 2.2 en 4.1 van die Sinodebesluit (Acta 2003) word die woord advies gebruik wat in die kerkverband verskillend (verwarrend) vertolk word.

Motivering

3.1.1 In die advies van prof A le R du Plooy beklemtoon hy dat die prinsipiële raamwerk net advies is van die Sinode aan Kerkrade, dws die Kerkrade kan dit volg al dan nie (Bylae 4, punt 3.1).

3.1.2 In die advies van prof GJC Jordaan stel hy dat daar by die afspraak behoort gehou te word (Bylae 3, punt 2.1).

3.1.3 In die advies van dr JH Howell stel hy dit duidelik dat advies bindend is, behoudens die reg van Appèl. Advies van kerke aan mekaar is nie bloot vir kennisname nie (Bylae 7, punt 2.1).

3.2 Beswaargrond 2

Aan Punt 3.2.2 (sakramentele handelinge) van die Sinodebesluit (Acta 2003) word verskillende (verwarrende) interpretasies geheg.

Motivering

3.2.1 In sy advies stel prof Du Plooy dit duidelik dat solank daar een sentrale beker is waaruit die wyn kom en van meer en kleiner bekertjies gebruik gemaak word is dit in lyn met sinode 2003 se besluit (Bylae 4, punt 3.5 en 3.6).

3.2.2 In sy advies stel prof Jordaan dat die beker saam met wyn so prominent is dat individuele kelkies nie eers genoem word nie (Bylae 2, punt 1)

3.2.3 In die advies van prof Coetzee word die afleiding gemaak dat die besluit ooreenstem met die besluit van 1927/1930 (Bylae 5).

3.2.4 In sy advies stel ds Momberg dit as volg: Die veranderde prinsipiële raamwerk het die moontlikheid dat van die gemeenskaplike drinkbeker(s) afgewyk kan word heeltemal uitgesluit. Die gebruik van kelkies is nie meer deel van die prinsipiële raamwerk nie (Bylae 6, punt 2 b).

3.2.5 In sy advies stel dr Howell dat slegs in hoogs uitsonderlike gevalle kan van die beker afgewyk word. (Bylae 7, onder enkel verder opmerkings punt b).

3.2.6 In sy advies stel ds Vrey dat die Sinode nie eksplisiet kelkies afwys nie en daarom kan mens nie aanneem dat kelkies nie gebruik kan word nie (Bylae 9, punt 2).

3.2.7 In sy advies stel ds Johannes Bingle dit dat die 2003-besluit die saak nie duideliker maak nie. Hy stel dit ook dat hy nie ‘n duidelike antwoord op ‘n onduidelike besluit kan gee nie (Bylae 11). In Bylae 10 stel hy dit ook dat dit ‘n saak is waaroor daar baie verwarring bestaan.

3.3 Beswaargrond 3

Verskillende interpretasies word geheg aan Wesenlike (3.2.1) en Sakramentele handelinge (3.2.2) Bylae 1. Die interpretasie wat geheg word is dat die wesenlike moet nagekom word, dus die sakramentele is middelmatig en hoef nie nagekom te word nie.

3.3.1 In sy advies stel prof du Plooy dit duidelik dat as die brood en wyn verreken is, is dit prinsipieel suiwer en reg (Bylae 4, punt 3.5).

3.3.2 In die besluit van die Gereformeerde Kerk Kathu word juis bogenoemde advies van prof Du Plooy gebruik om kelkies te regverdig, dws indien die wesenlike nagekom is,

is die sakramentele nie nodig om na te kom nie (Bylae 14, punt 11)

3.3.3 In sy advies stel dr Howell (Bylae 7, punt 2.3) dit duidelik dat daar nêrens ‘n aanduiding is dat die beker ‘n middelmatige saak is nie.

3.3.4 In sy brief (kommentaar) stel dr SJ van der Merwe dit dat ons nie regtig presies weet hoe Jesus die Nagmaal ingestel het nie. Hy stel dit dat oor die wesenlike verskil Gereformeerde teoloë nie maar oor die middelmatige wel (Bylae 15).

3.4 <u>Beswaargrond 4</u>

Kerkorde, art 62 word ook na willekeur gebruik. Daar word klem gelê op die eerste sin nl “Elke kerk moet die Nagmaal hou op die wyse wat tot die meeste stigting dien” terwyl die kwalifiserende sin daar na nie in ag geneem word nie nl “Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie. Die brood en wyn word alleen gesien as die uitwendige seremonies, terwyl die beker, tafel ens. nie daarin verreken word nie.

3.4.1 In die advies van prof Du Plooy (Bylae 4, punt 3.4) word net na die eerste sin verwys nl “wat tot die meeste stigting dien, terwyl die kwalifiserende sin nie eers genoem word nie.

3.4.2 In sy advies (Bylae 7, punt 2.4) stel dr Howell dit dat met ‘n halwe waarheid gewerk word indien die kwalifiserende sin nie ook verreken word nie.

3.4.3 In die besluit van die Gereformeerde Kerk Kathu (Bylae 14, punt 11) word ook net die eerste sin van KO, art 62 gebruik as motivering terwyl die kwalifiserende sin glad nie gebruik word nie.

3.4.4 In sy reaksie stel dr SJ van der Merwe dit ook dat ons nie regtig weet hoe Jesus die Nagmaal ingestel het nie. Daarby haal hy ook net die eerste sin aan van KO, art 62 aan, maar die kwalifiserende sin word weggelaat. Die sin wat juis opdrag gee dat die uitwendige seremonies nie verander mag word nie, die seremonies is nou skielik nie meer duidelik nie, daarom moet net die wesenlike nagekom word (Bylae 15).

4. Opsommend

Die beswaardes versoek die Sinode om in die lig van die beswaargronde uitsluitsel te gee oor die volgende:

4.1 Uitspraak moet gee watter betekenis aan die woord advies in die Sinodebesluite geheg kan word, dws, is die advies bindend?

4.2 Uitspraak moet gee of die wesenlike aspekte sowel as die sakramentele handelinge wat in die prinsipiële raamwerk voorkom nagekom moet word, en of daar ‘n onderskeiding is dat net die wesenlike aspekte hoef nagekom te word.

4.3 Uitspraak moet gee of klein bekertjies (kelkies) wel ‘n moontlikheid is onder die opskrif sakramentele handelinge in die prinsipiële raamwerk, in die lig van die Beswaarskrif van Jan Visser ea (Bylae 1) wat geslaag het en hoe hierdie Beswaarskrif verreken is in die Sinodebesluit.

4.4 Uitspraak moet gee oor wat met binne die gestelde raamwerk (Acta 2003, punt 4.4) bedoel word.

4.5 Uitspraak moet gegee word oor wat met die woorde “uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is” bedoel word. Is net die tekens brood en wyn deel van die uitwendige seremonies, of val die hele seremonie, ingesluit die beker daarin. (Acta 2003, punt 2.1; KO, art 62).

4.6 Indien die Sinode bevind dat bepaalde formulerings van die besluit wel verskillend verstaan kan word, die formulerings reg te stel.

4.7 Die Sinode word versoek om opdrag te gee dat ‘n boekie uitgegee word wat ‘n samevatting is van alle Sinodebesluite wat van krag is rakende die Nagmaal aangesien die besluit van Sinode 2003 (Acta 2003, punt 4.3) net besluite van 1927/1930 en gevolglik ook die besluit in 6.6 (Acta: 729) van Sinode 1997 vervang.

F. **MEERDERHEIDSRAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Beswaarskrif van JF Kruger rakende die besluit van die Sinode 2003 – oor die Nagmaalsviering.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die beswaarde volg die weg wat Sinode 1991 gestel het vir die indiening van Beswaarskrifte.

2.2 In die Kommissie is geleentheid gegee vir mondelinge toeligting.

2.3 Besluit waarteen beswaar gemaak word: Die beswaarde stel oorkoepelend dat sy beswaar bepaalde formulerings van Acta 2003 raak, omdat dit verskillend vertolk word.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beredenering

3.1 *In Beswaargrond 1*

In 2.2 en 4.1 van die Sinodebesluit (Acta 2003) word die woord advies gebruik wat in die kerkverband verskillend (verwarrend) vertolk word.

3.1.1 Beredenering

Die beswaarde argumenteer in beswaargrond 1 dat in 2.2 en 4.1 van die Sinodebesluit die woord ***advies*** in die kerkverband verskillend (verwarrend) gebruik word. Sy argument berus op die feit dat hy drie persone aanhaal wat die woord advies aan hom verklaar het en hy beweer dat hulle “advies” oor die woord “advies” in 2.2 van die Sinodebesluit in die kerkverband verwarring bring.

Die woord *advies* is op geen plek in die Belydenis, Kerkorde of Sinodebesluite gedefinieer nie. Die woord word in kerklike kringe op verskillende maniere gebruik. Daarom is dit nodig om die woord advies **telkens in die verband waarin dit gebruik word, te lees**. In 2.2 word advies in ‘n bepaalde verband gebruik. Daar word “*sonder om voorskriftelik te wees”, “advies bedien”, KO, art 62 prinsipiële raamwerk*” gebruik. Aan die een kant word beklemtoon dat daar nie sommer sonder diepsinnige besinning aan die hand van die prinsipes wat gegee is oor die besluit van die wyse van Nagmaalviering in die plaaslike kerk gegaan mag word, asook gebed en die stigting van die gemeente. Maar aan die ander kant gee die Sinode ook nie die prinsipiële raamwerk as ‘n wet vir elke kerkraad deur nie. Daarom “*sonder voorskriftelikheid”, “raamwerk”, “advies bedien*”.

3.1.2 Bevinding

In die konteks waarin die woord advies voorkom is die betekenis daarvan nie onduidelik nie.

Daarom kan die beswaar nie gehandhaaf word nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.1 tot 3.1.2.

3.1.3 Aanbeveling

Beswaargrond 1 word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Beswaargrond 2*

Aan 3.2.2 (sakramentele handelinge) van die Sinodebesluit (Acta 2003) word verskillende (verwarrende) interpretasies geheg.

3.2.1 Beredenering

3.2.1.1 Die **beswaarde toon aan** dat daar uiteenlopende en dus verwarrende interpretasies aan die begrip “Sakramentele handelinge” in die prinsipiële raamwerk geheg word. In die verband word na sewe verskillende interpretasies verwys.

3.2.1.2 (Aangesien **beswaargrond 3 grootliks oorvleuel** met beswaargrond 2, geld hierdie beredenering ook vir beswaargrond 3).

3.2.1.3 In die Rapport van die **Studiedeputate wat op Sinode 2000** se tafel gedien het, word die onderskeiding tussen "*wesentlike aspekte*" en "*sakramentele handelinge*" vir die eerste keer gemaak. Die Rapport gee 'n uitvoerige en duidelike omskrywing van die twee begrippe.

3.2.1.4 In die **besluit van Sinode 2000** word die onderskeiding tussen die twee begrippe gehandhaaf, sonder dat die omskrywing soos in die Rapport herhaal word.

3.2.1.5 In die **Beswaarskrif** teen aspekte van die besluit van Sinode 2000 wat deur Sinode 2003 gehandhaaf is, word ook van die onderskeiding gebruik gemaak, sonder 'n omskrywing daarvan.

3.2.1.6 In die **prinsipiële raamwerk wat deur Sinode 2003 goedgekeur** is in antwoord op die geslaagde Beswaarskrif, word die onderskeiding weereens gemaak sonder 'n omskrywing daarvan.

3.2.1.7 Die "**brondokument**" waaruit die betekenis van die twee begrippe bepaal moet word, bly dus die **oorspronklike Deputaterapport**, wat dit die eerste keer omskryf het, terwyl al die ander besluite daarna bloot hierdie onderskeiding handhaaf.

3.2.1.8 Volgens hierdie dokument word **beide** "wesentlike aspekte" en "sakramentele handelinge" beskryf as "nie bloot tydgerig as opdragte wat net deur die dissipels gehoorsaam moet word nie. Dit was blywende voorskrifte vir die kerk van alle tye om as uitwendige seremonies by die Nagmaal te onderhou.

3.2.1.9 Die **onderskeid tussen die twee begrippe** word soos volg omskryf:
"*Wesentlike aspekte"* is die "*wat altyd en onder alle omstandighede moet geld, en waarvan universeel en wêreldwyd nie afgewyk mag word nie".*
Sakramentele handelinge *is die* "*wat hoewel dit nie wesentlik vir die viering van die Nagmaal is nie, wel op simboliese wyse die wesentlike aard van die sakrament na vore bring".*

3.2.1.10 Die besluit van Sinode 2000 (4.4) wat woordeliks net so opgeneem is in die besluit van Sinode 2003 (4.4), lui *: "Waar daar in 'n plaaslike kerk alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom, behoort daar met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon word*".
Hierdie verwysing na *"alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk" (*waarbinne die onderskeid tussen wesentlike aspekte en sakramentele handelinge gemaak word), kan onmoontlik nie dui op die "*wesentlike aspekte"* nie, maar slegs op die "*sakramentele handelinge*."

3.2.1.11 Hieruit is dit duidelik *dat "sakramentele handelinge"* die is waarbinne daar onder bepaalde omstandighede *"alternatiewe weë van Nagmaalsviering mag voorkom*".

3.2.2 <u>Bevinding</u>
Die bewoording " *sakramentele handelinge*" waarteen beswaar gemaak word kan binne die konteks en historiese verloop van die besluit waarteen beswaar gemaak word wel verstaan word.

Besluit: Kennis geneem van 3.2 tot 3.2.2.

3.2.3 <u>Aanbeveling</u>
Beswaargrond 2 word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Beswaargrond 3*
Verskillende interpretasies word geheg aan Wesenlike (3.2.1) en Sakramentele handelinge (3.2.2) Bylae 1. Die interpretasie wat geheg word is dat die wesenlike moet nagekom word, dus die sakramentele is middelmatig en hoef nie nagekom te word nie.

3.3.1 <u>Beredenering</u>
Dieselfde beredenering by Beswaargrond 2 geld ook vir Beswaargrond 3.

3.3.2 <u>Bevinding</u>
Die onderskeid tussen *"wesentlike aspekte*" en "*sakramentele handelinge*" kan binne die konteks en historiese verloop van die besluit waarteen beswaar gemaak word, wel verstaan en geïnterpreteer word.

Besluit: Kennis geneem van 3.3 tot 3.3.2.

3.3.3 Aanbeveling

Beswaargrond 3 word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Beswaargrond 4*

Kerkorde, art 62 word ook na willekeur gebruik. Daar word klem gelê op die eerste sin nl: "Elke kerk moet die Nagmaal hou op die wyse wat tot die meeste stigting dien", terwyl die kwalifiserende sin daarna nie in ag geneem word nie, nl: "Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie." Die brood en wyn word alleen gesien as die uitwendige seremonies, terwyl die beker, tafel, ens, nie daarin verreken word nie.

3.4.1 Beredenering

Hierdie beswaargrond is in wese 'n beswaar teen verskillende vertolkings van KO, art 62. Dit kan hoogstens dien as verdere aanduiding van die verwarrende/verskillende interpretasies wat as motivering vir beswaargrond 2 en 3 aangebied is, en verteenwoordig nie 'n nuwe beswaargrond teen die beswarende besluit nie.

3.4.2 Bevinding

Beswaargrond 4 is in wese nie 'n grond vir beswaar teen die besluit waarteen beswaar gemaak word nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.4 tot 3.4.2.

3.4.3 Aanbeveling

Beswaargrond 4 word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

4. Samevattende aanbeveling

4.1 Die Beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

4.2 Deputate Uitgee van die Handelinge word versoek om die besluit soos in die Errata van 2003 Acta weer in die Handelinge te publiseer.

Besluit: Goedgekeur.

G. **MINDERDERHEIDSRAPPORT VAN DIE KOMMISSIE**

1. Opdrag

Beswaarskrif van JF Kruger rakende die besluit van die Sinode 2003 – oor die Nagmaalsviering.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 Die beswaarde volg die weg wat Sinode 1991 gestel het vir die indiening van Beswaarskrifte.

2.2 In die Kommissie is geleentheid gegee vir mondelinge toeligting.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beoordeling van beswaargronde

3.1 *Beswaargrond 1*

In 2.2 en 4.1 van die Sinodebesluit (Acta 2003) word die woord advies gebruik wat in die kerkverband verskillend (verwarrend) vertolk word.

3.1.1 Beredenering

3.1.1.1 In beswaargrond 1 bewys die broeder dat daar inderdaad in die kerkverband verskillende vertolkings bestaan oor wat die woord advies in 2.2 en 4.1 beteken. Die broeder haal immers die verskillende vertolkings van adviseurs woordeliks aan.

3.1.1.2 2.2 van Sinode 2003 stel: "In plaas daarvan om in 'n bepaalde voorskriftelikheid te verval ... verkies die Sinode ... om kerke ... van **advies** te bedien, en in 4.1 keur die Sinode die prinsipiële raamwerk goed as dié advies.

3.1.1.3 Die vraag waarom dit hier gaan is of die **besluit** (dws die advies wat die Sinode gegee het) vir die verwarring verantwoordelik is, of eerder die verskillende

vertolkings. Wat nou hier aan die orde is, is die vertolking van die woord “advies”. Die Gereformeerde kerkreg ken nie advies wat blote raad of ondersteuning is nie, aangesien advies deur ‘n meerdere vergadering gegee word in die lig van Skrif, Belydenis en Kerkorde. Die bedoeling van KO, art 31 is juis dat advies waarop in die lig van die Skrif **besluit** word, vas en bindend is. (Vergelyk die beredenering van die Kommissierapport oor Beswaargrond 1 van die Beswaarskrif van JL Kruger op hierdie Sinode.)

3.1.1.4 Tereg lui die besluit dat die Sinode nie in “’n bepaalde voorskriftelikheid” wil verval nie, maar verkies om “in die lig van NGB, art 32 kerke in hul uitvoering van KO, art 62 van advies, (*natuurlik advies in die lig van die Skrif*), te bedien.”

3.1.1.5 Dat die Sinode die woorde van die KO, art 62 self as uitgangspunt in sy besluitneming gebruik het, en dit as sodanig volledig aangehaal het, bevestig dat die Sinode nie iets anders as advies in die gees en bedoeling van KO, art 62 wou gee nie.

3.1.1.6 Die Sinode gaan uit van NGB, art 32 in sy besluit. Dit beteken dat nie in voorskriftelikheid verval word nie, maar advies bedien word aan die kerke in die nakoming van KO, art 62. Dit bevestig dat die Sinode hom gehou het aan wat uit die Woord van God vasstaan, nie afwyk van wat Christus, ons enigste Leermeester, vir ons ingestel het nie, nie mense se gewetens wil bind met menslike versinsels of wette nie, maar advies gee wat dien tot gehoorsaamheid aan die Woord van God.

3.1.1.7 Die Sinode het dus deur sy beroep op NGB, art 32 self aangedui wat die betekenis van die term advies is. Die prinsipiële raamwerk en die besluite wat daaroor geneem is (4.1–4.4), wat as die advies aan die kerke goedgekeur is, dra dus dieselfde gesag as enige geldige Sinodebesluit in terme van KO, art 31.

3.1.1.8 Dus: nie ‘n bepaalde voorskriftelikheid nie, maar wel advies, kragtens KO, art 31. Hiermee verwoord die besluit ‘n belangrike Gereformeerde Kerkregbeginsel, naamlik: ‘n Sinode is nie “voorskriftelik” deur ‘n besluit te neem wat kerke daarna moet gaan uitvoer nie. Nee, as kerke besluit ons saam (dit impliseer: ons stem saam oor wat die Here ons in sy Woord leer oor ‘n bepaalde saak) op advies. Dié besluit / advies is dan vas en bindend omdat dit op die Skrif berus. Selfs nou tree ‘n Sinode of meerdere vergadering geensins “voorskriftelik” op nie, aangesien elke plaaslike kerk die verantwoordelikheid het om die besluit / advies wat deur ‘n meerdere vergadering aan hom in die lig van die Skrif bedien is, vir sy eie rekening te neem, of anders gesê: homself daarmee te vereenselwig.

3.1.2 <u>Bevinding</u>

Dit is nie weens 2.2 en 4.1 van die Sinodebesluit, of die woord “advies” wat daarin voorkom, dat daar verwarring bestaan nie, maar wel vanweë verskillende vertolkings van die betrokke punte.

Besluit: Kennis geneem van 3.1.1 tot 3.1.2.

3.1.3 <u>Aanbeveling</u>

Beswaargrond 1 word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 *Beswaargrond 2*

Aan punt 3.2.2 (sakramentele handelinge) van die Sinodebesluit (Acta 2003) word verskillende (verwarrende) interpretasies geheg.

3.2.1 <u>Beredenering</u>

3.2.1.1 Nogeens toon die broeder aan dat daar oor die Sakramentele handelinge (Acta 2003) verskillende (verwarrende) interpretasies bestaan. Ook hier haal hy die verskillende vertolkings woordeliks aan.

3.2.1.2 Dit is duidelik nie die **besluit** wat verwarring veroorsaak nie, maar bepaalde vertolkings wat die prinsipiële raamwerk misken.

3.2.1.3 Die sin waarin van die prominensie van die beker gepraat word begin met “DAAROM”. Die woorde wat direk voorafgaan is: “Die beker wyn moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: ‘Drink almal daaruit.’ (Matt 26:28)” en “Die drink van

die wyn uit (‘n) gemeenskaplike drinkbeker(s) dien om die geestelike geloofseenheid in Christus te simboliseer”. Dit bewys dat die prominensie van die beker geleë is in die gemeenskaplike gebruik daarvan.

3.2.1.4 Sinode 2003 het die Beswaarskrif van Schulze, Visser en Coetzee (Acta 2003) gehandhaaf. Beswaargrond 4 wat gehandhaaf is lui soos volg: “Konfessioneel gesien kom die Nagmaalsformulier en die Gereformeerde Belydenisskrifte met die Skrif ooreen en leer duidelik die Nagmaalsviering as Goddelike instelling met brood en beker. Die huidige praktyk om die instelling van kelkies met ‘n beroep op ‘n Sinodebesluit, maar sonder voldoende Skrifgegewens, te kondoneer is ‘n verloëning van NGB, artt 7 en 29.” Dit het daartoe gelei dat die bewoording van Sinode 2000 soos volg gewysig is: “Die **beker** wyn moet aan almal uitgedeel word...” Met verwysing na 4.4 van die besluit: “Alternatiewe weë” is alleen geoorloof indien dit in lyn is met die inhoud van die prinsipiële raamwerk, soos gewysig.

3.2.1.5 Hierdie besluit het daartoe gelei dat 3.2.2.3 in Acta 2000:401 geskrap is, wat impliseer dat geen afwyking van (‘n) gemeenskaplike drinkbeker(s) deur die prinsipiële raamwerk meer gekondoneer word nie.

3.2.2 Bevinding

Die besluit rakende die Sakramentele handelinge is in sigself nie verantwoordelik vir die verwarrende interpretasies nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.2 tot 3.2.2.

3.2.3 Aanbeveling

Beswaargrond 2 word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Beswaargrond 3*

Verskillende interpretasies word geheg aan Wesenlike (3.2.1) en Sakramentele handelinge (3.2.2) Bylae 1. Die interpretasie wat (daaraan) geheg word is dat die wesenlike moet nagekom word, dus die sakramentele is middelmatig en hoef nie nagekom te word nie.

3.3.1 Beredenering

3.3.1.1 Die broeder toon nogeens duidelik aan dat die interpretasie bestaan dat die Wesenlike aspekte in die raamwerk nagekom moet word, maar dat die Sakramentele handelinge nie noodwendig nagekom hoef te word nie.

3.3.1.2 Die raamwerk synde ‘n **prinsipiële** raamwerk gee egter nêrens ‘n aanduiding dat slegs die Wesenlike aspekte prinsipieel is, maar nie die Sakramentele handelinge nie. Immers: Die wesenlike aspekte kry juis hulle betekenis deur middel van die Sakramentele handelinge. Daarom is beide deel van die **prinsipiële** raamwerk en onlosmaaklik aan mekaar verbind. Anders gesê: Brood en wyn se betekenis is onlosmaaklik verbind aan die Sakramentele handelinge.

3.3.1.3 Die vertrekpunte van die prinsipiële raamwerk is KO, art 62 en NGB, art 32. Dit impliseer dat in die prinsipiële raamwerk – ook besonderlik die Sakramentele handelinge – nie afgewyk word van wat Christus, ons enigste Leermeester, vir ons ingestel het nie.

3.3.1.4 Die interpretasie dat net die Wesenlike aspekte prinsipieel kan wees is dus foutief en kan nie voor die deur van die raamwerk gelê word nie.

3.3.2 Bevinding

Die raamwerk bied die Wesenlike aspekte sowel as die Sakramentele handelinge aan as prinsipieel.

Besluit: Kennis geneem van 3.3 tot 3.3.2.

3.3.3 Aanbeveling

Beswaargrond 3 word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Beswaargrond 4*

KO, art 62 word ook na willekeur gebruik. Daar word klem gelê op die eerste sin nl: "Elke kerk moet die Nagmaal hou op die wyse wat tot die meeste stigting dien", terwyl die kwalifiserende sin daarna nie in ag geneem word nie nl: "Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie." Die brood en wyn word alleen gesien as die uitwendige seremonies, terwyl die beker, tafel, ens. nie daarin verreken word nie.

3.4.1 Beredenering

Hierdie beswaargrond is in wese 'n beswaar teen verskillende vertolkings van KO, art 62. Die prinsipiële raamwerk van die Sinodebesluit is juis bedoel as antwoord op ongeldige vertolkings van KO, art 62. In die vorige beredenerings is reeds aangetoon dat die raamwerk duidelik is en daarom aan hierdie spesifieke doel voldoen.

3.4.2 Bevinding

Hierdie beswaargrond gee wel uiting aan die frustrasie wat die broeder beleef rakende die verskillende interpretasies van KO, art 62, maar bewys nie dat die besluit verskillende interpretasies van KO, art 62 in die hand werk nie.

Besluit: Kennis geneem van 3.4 tot 3.4.2.

3.4.3 Aanbeveling

Beswaargrond 4 word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

4. Samevattende aanbeveling

4.1 Die Beswaarskrif word in sy geheel nie gehandhaaf nie.

4.2 Deputate Uitgee van die Handelinge word versoek om die besluit soos in die Errata van 2003 Acta weer in die Handelinge te publiseer.

Besluit: Goedgekeur.

H. **ERRATA – HANDELINGE 2003:530, 536-539, [vanaf pt 4.2, p530]**

Handelinge 2003:530

4.2 Wat Beswaargrond 2.2 betref: die beswaar word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

Motivering: Die beswaar is te kategories gestel – "In sy letterlike betekenis is die besluit onuitvoerbaar."

Die vertrekpunt van die beswaardes in hierdie redenasie is die afwyking van kelkies, terwyl die vertrekpunt van die Sinode die verantwoording uit die Skrif is. Daar is dus 'n logiese leemte tussen 2.2.1 en 2.2.2.

Besluit: Kennis geneem.

4.3 Wat Beswaargrond 2.3 betref: die beswaar word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

Motivering: Alhoewel meer as een beker dalk gebruik word, verdwyn die gemeenskaplikheid nie daarmee nie. Dit skep nie verwarring in die sin van dit wat in die sakrament be-TEKEN word nie, en ook nie in dit wat KO, art.62 in die oog het nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.4 Wat Beswaargrond 2.4 betref: die beswaar word nie gehandhaaf nie.

Besluit: Goedgekeur.

Motivering: Dit wat in die betrokke besluit voorgeskryf word, is dat wat gedoen word (afwyk, of wat ook al) met verantwoording uit die Skrif gedoen moet word. Dit kan tog nie as voorskriftelikheid bestempel word nie. Verder het ons as kerke sekere dinge met mekaar afgespreek wat kragtens kerkverband gerespekteer moet word. Die beswaardes toon ook nie uit die Woord, Belydenis of Kerkorde aan dat hierdie besluit onnodig voorskriftelik is nie.

Besluit: Kennis geneem.

4.5 Wat Beswaargrond 2.5 betref: die beswaar word nie gehandhaaf nie.
Besluit: Goedgekeur.
Motivering: Die betrokke besluit bind aan die Skrif, Belydenis en Kerkorde, maar is nie onnodig voorskriftelik nie. Blykbaar verstaan die beswaardes KO, art.62 nie reg nie. Die bewoording in KO, art.62 “tot die meeste stigting” raak net middelmatige sake soos lopende Nagmaal, moet die predikant uit die Bybel lees, terwyl die lidmate aan tafel is of moet hulle sing, ens. Vergelyk hiervoor J. Jansen 1952 Korte Verklaring van die Kerkorde der Gereformeerde Kerken, Kampen: Kok, p.273-277 (bespreking van art.62).
Besluit: Kennis geneem.

5. Aanbeveling
5.1 Die beswaar word op sterkte van die Eerste Beswaargrond gehandhaaf.
5.2 Wat die versoek betref, beveel die Kommissie op grond van die gedeeltelike handhawing van die beswaar aan dat die besluit van 2000 (p.401, 3.2.2.3) nie geskrap word nie, maar hergeformuleer word (vgl 4.1 van hierdie Rapport).
Besluit: Goedgekeur.

Handelinge 2003:536-539
3.1.2 Bevinding
Die formulering van 3.2.2.2 is inderdaad nie steekhoudend of logies nie. Dit is onduidelike taal wat nie binne die konteks en in die hoedanigheid as advies vir die kerke tot hulp is nie.
Besluit: Kennis geneem.
3.1.3 Aanbeveling
Hierdie Beswaargrond word gehandhaaf.
Dat die Sinode dit oorweeg om die volgende wysiging aan te bring by 3.2.2.2 van die prinsipiële raamwerk: "Die beker wyn moet aan almal uitgedeel word met die opdrag..."
Besluit: Goedgekeur.

3.2 Beswaargrond 2
Inhoudelik gesien leen die formulering van die slot van die sakramentele handelinge (3.2.2.3) onbedoeld tot paradoksale vertolking.
3.2.1 Beredenering
Die prinsipiële raamwerk gee aan die beker met wyn 'n prominente plek en funksie. Die uitgangspunt is dat beker en wyn direk aanmekaar gebind is. Terwyl die Sinode met 3.2.2.3 die ordelike weg wil aandui hoe uitsonderlike gevalle by kerke hanteer moet word, maak die formulering hom onbedoeld oop vir teenstrydige vertolkings, wat tog nie die bedoeling van die Sinode kon gewees het nie.
3.2.2 Bevinding
Binne die verband van die prinsipiële raamwerk laat die formulering van 3.2.2.3 hom onbedoeld oop vir teenstrydige interpretasies.
Besluit: Kennis geneem.
3.2.3 Aanbeveling
Hierdie Beswaargrond word gehandhaaf.
Besluit: Goedgekeur.

3.3 Beswaargrond 3
Skriftuurlik gesien is die Skrif oor die instelling van die Nagmaal duidelik, Die Skrif se bedoeling word nie duidelik in die formulering van die besluite van die Sinode weergegee nie.
3.3.1 Beredenering
Die bedoeling van die Skrif oor die instelling van die Nagmaal is duidelik. Hierdie Skrifbedoeling word nie duidelik genoeg in die besluit (3.2.2.2 en 3.2.2.3 van die prinsipiële raamwerk) weergegee nie. In die eksegetiese materiaal wat aan die Kommissie voorgelê is word dit so aangetoon.

3.3.2 Bevinding
Dat 3.2.2.3 van die prinsipiële raamwerk die bedoeling van die Skrif nie duidelik genoeg weergee nie. Dit word bevestig deur die problematiek rondom die formulering van 3.2.2.3. (Wat 3.2.2.2 van die prinsipiële raamwerk se formulering betref, vgl 3.1.2 van hierdie Rapport.)
Besluit: Kennis geneem.
3.3.3 Aanbeveling
Hierdie Beswaargrond word gehandhaaf.
Besluit: Goedgekeur.

3.4 Beswaargrond 4
Konfessioneel gesien kom die Nagmaalsformulier en die Geref. Belydenisskrifte met die Skrif ooreen en leer duidelik die Nagmaalsviering as goddelike instelling met brood en beker. Die huidige praktyk om die instelling van kelkies met ‘n beroep op ‘n Sinodebesluit, maar sonder voldoende Skrifgegewens, te kondoneer is ‘n verloëning van NGB, artt.7 en 29.
3.4.1 Beredenering
Die Belydenis en Nagmaalsformulier kom duidelik met die Skrif ooreen waarin die beker en wyn aan mekaar verbind word. Indien daar afgewyk word van die gemeenskaplike beker bring dit spanning met die Belydenis en Nagmaalsformulier mee.
3.4.2 Bevinding
Die verwarrende formulering van 3.2.2.3 van die prinsipiële raamwerk kan spanning met die Belydenis en Nagmaalsformulier meebring.
Besluit: Kennis geneem.
3.4.3 Aanbeveling
Hierdie Beswaargrond word gehandhaaf.
Besluit: Goedgekeur.

3.5 Beswaargrond 5
Semanties gesien kan die spel met stylfigure enige teks of perikoop vir meervoudige "interpretasie" vatbaar maak.
3.5.1 Beredenering
Beker kan binne die Skrif nie 'n blote sinekdogee wees nie, aangesien die Beker besliste openbaringshistoriese elemente vertoon. Die beker word deur Lukas en Paulus in verband gebring met die verbond. Dit dui weereens daarop dat die beker 'n baie wyer betekenisveld beslaan en dit moet openbaringshistories verstaan word. In hierdie geval kry die beker 'n verbondsklem by die bloed van Christus.
3.5.2 Bevinding
Hierdie Beswaargrond lê meer op die vlak van die **interpretasie** van 3.2.2.3 as wat dit betrekking het op die besluit self.
Besluit: Kennis geneem.
3.5.3 Aanbeveling
Dat hierdie beswaar nie gehandhaaf word nie.
Besluit: Goedgekeur.

4. Samevattende aanbevelings
4.1 Die beswaar word gehandhaaf op grond van Beswaargronde 1-4.
Besluit: Goedgekeur.
4.2 Implikasies
4.2.1 Dat daar genoegsaam aangetoon is dat 3.2.2.3 van die prinsipiële raamwerk geherformuleer word om verwarring uit te skakel.
4.2.2 Indien die Sinode 4.2.1 hierbo aanvaar kan die Kommissie ‘n herformulering ter oorweging aan die Sinode voorhou.
Besluit:
1. Goedgekeur.
2. Punt 3.2.2.3 in Acta 2000:401 word geskrap.

F. RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE VIR PRE-ADVIES INSAKE NAGMAALSVIERING

1. Opdrag

Om die Sinode van advies te bedien oor Rapport Voortgaande studie oor die Nagmaal en Tweede Rapport van die Kommissie : Leerstellig 1.

Besluit: Kennis geneem.

2. Vertrekpunte

2.1 Kerkorde, art.62: "Elke kerk moet die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat ná die preek en algemene gebede, die formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word".

2.2 In plaas daarvan om in ‘n bepaalde voorskriftelikheid te verval, verkies die Sinode in die lig van NGB, art.32 om kerke in hulle uitvoering van KO, art.62 van advies te bedien deur ‘n prinsipiële raamwerk – soos hieronder uiteengesit – te stel.

Besluit: Kennis geneem.

3. Prinsipiële raamwerk oor die wyse van Nagmaalsviering

Inleidend

Hierdie feesmaal is ‘n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet (NGB, art.35).

3.1 Die brood en wyn moet as tekens en seëls van die liggaam en bloed van Christus gebruik word (Matt 26:26-28; 1 Kor 11:23-26; NGB, art.35; HK, 25-29).

3.2 Daar moet by die viering van die Nagmaal tussen wesentlike aspekte en sakramentele handelinge onderskei word. Kerke behoort KO, art.62 dan binne die volgende raamwerk toe te pas:

3.2.1 <u>Wesentlike aspekte</u>

By die bediening van die heilige Nagmaal moet die dood van die Here in woord en daad verkondig word ("Doen dit tot my gedagtenis" (Luk 22:19); "verkondig die dood van die Here totdat Hy kom" (1 Kor 11:26)).

3.2.1.1 Die brood moet in geloof as teken en seël van die liggaam van Christus geëet word (vgl NGB, art.35; HK, 25-29).

3.2.1.2 Die wyn moet in geloof as teken en seël van die bloed van Christus gedrink word. Vergelyk die volgende Skrifgegewens:

"Drink almal daaruit" (Matt 26:28)

"Neem dit en deel dit onder julle"(Luk 22:17)

"Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis"(1 Kor 11:25)

"So dikwels as julle hierdie brood eet of die beker van die Here drink, verkondig (julle) die dood van die Here totdat Hy kom"(1 Kor 11:26)

"Maar elkeen moet homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink"(1 Kor 11:28)

"As julle saamkom om nagmaal te vier, wag vir mekaar"(1 Kor 11:33).

Alhoewel Christus nie in een van die opdragte uitdruklik na wyn verwys nie, is die verband telkens duidelik van so ‘n aard dat Hy bedoel dat wyn gedrink moet word as teken en seël van die bloed van Christus (NGB, art.35; HK, 25, 28, 29).

Besluit: Goedgekeur.

3.2.2 <u>Sakramentele handelinge</u>

Die Nagmaal het ‘n maaltydkarakter en word gesamentlik deur die gelowiges gevier (1 Kor 11:33). Dit maak daarvan ‘n gemeenskaps- en liefdesmaal gegrondves in die eenheid met Christus (vgl Joh 13-16, 1 Kor 10:16,17).

3.2.2.1 Die brood moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: "Neem, eet" (Matt 26:26; Mark 14:22; 1 Kor 11:23). Met hierdie sakramentele handeling word die feit dat

Jesus sy liggaam as offer vir die sondes van ons almal gegee het, duidelik na vore gebring.

3.2.2.2 Die beker wyn moet aan almal uitgedeel word met die opdrag: "Drink almal daaruit" (Matt 26:28). Die drink van die wyn uit (‘n) gemeenskaplike drinkbeker(s) dien om die geestelike geloofseenheid in Christus te simboliseer. Daarom het die drinkbeker, saam met die wyn as teken, ‘n prominente plek en funksies.

Besluit: Goedgekeur.

4. Aanbevelings

4.1 Die Sinode keur bogenoemde prinsipiële raamwerk goed as advies aan kerke in hulle uitvoering van KO, art.62.

4.2 Die bogenoemde prinsipiële raamwerk dien as antwoord op die Beswaarskrifte teen die besluite van Sinode 1927 en 1930 (Acta 1994 :493-524).

4.3 Die prinsipiële raamwerk vervang die besluite van Sinode 1927 en 1930 en gevolglik ook die besluit in 6.6 (Acta:729) van Sinode 1997.

4.4 Waar daar in ‘n plaaslike kerk alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom, behoort daar met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon word.

Besluit:

1. Goedgekeur.

2. Dat die volgende woorde in punt 3.2.2.3 in Acta 2000:401 geskrap word: “Indien kerke om gewigtige redes van gemeenskaplike drinkbekers afwyk, moet dit met verantwoording uit die Skrif gedoen word.”